
# TAMAR VAN DIE WOUD REEKS



1. TAMAR VAN DIE WOUD

Gerrie Radlof

# TAMAR VAN DIE WOUD

*deur*

**GERRIE RADLOF**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2019

# Tamar van die Woud

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die eerste uitgawe.
Hierdie boek is die tweede uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word, sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

TAMAR VAN DIE WOUD
deur Gerrie Radlof

ISBN 978-1-928498-56-8

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2019)
Aanlyn winkel: https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Tamar is die heerser van oermense in ’n verlore koninkryk in die hartjie van die Kongo. Hy en sy mense woon vreedsaam daar in ’n ou vulkaniese krater. Tamar is egter ’n gewone hedendaagse mens en bewapen met slegs ’n jagmes en pyl en boog. Vergesel van twee reuse arende wat hy self mak gemaak het, deurkruis hy soms die oerwoud soos ’n regte Tarzan, om uitlating te kry vir sy avontuurlus.

Ook nie lank nie op sy verlate koninkryk word binne gedring deur spioene van Rusland, wat ’n geheime basis naby sy tuiste wil gaan oprig, om so die wêreld te probeer beheer. Tamar het sy hande behoorlik vol om onderskeid te maak tussen die goeie en slegte mense. Een van die vroulike spioene wat hy ontvoer, laat skielik baie vrae by hom oor sy herkoms.

# UITTREKSEL

’n Gil stol op haar lippe toe sy die twee reuse kaalvoete anderkant die stroom sien. Maar so geoefend is sy om haarself te beheer, dat sy sonder ’n geluid na eenkant toe spring. Nie vyf tree van haar af nie bars ’n gestalte deur die struike. Toe sy hom vol onder oog kry, kan sy die skielike vrees egter nie langer onderdruk nie.

“Marko! Sarkof! ” skree sy luidkeels. Die gestalte steek vas. Dit is asof sy plat neusvleuels tril soos die van ’n dier wat die lug ruik. Maar dan knetter ’n stengeweer. Die groot liggaam ruk en daar is ’n verdwaasde uitdrukking in sy rooi, bloedbelope oë. Met ’n aaklige kreun slaan dit voor Sandra se voete neer.

Sarkof is eerste by haar. Die rokies dwarrel nog uit die loop van sy snelgeweer uit, maar hy staan daar soos een in ’n droom. Asof hy nie kan glo wat hy sien nie, dwaal sy oë op en af oor die massiewe gestalte.

# INHOUD

**Hoofstuk**

1. Een moet Verdwyn

2. Die Man sonder Hare

3. Sandra word Weggevoer

4. Die Oermense se Verblyfplek

5. Sandra gaan Terug

6. Botsing met die Oermense

7. In die Krater

8. Tamar soek Hulp

9. Die Laaste Geveg

# 1. TAMAR VAN DIE WOUD

## Hoofstuk 1
## EEN MOET VERDWYN

“Wat my betref is dit ’n uitgemaakte saak. Die man moet sterf.” Marko Steffen se stem is kriewelrig van ongeduld. Waar hy voor die venster in die klein hotelkamer staan, vryf hy sy hand oor sy voorkop en natgeswete pan wat met yl, swart hare omlyn is.

“Ek dink jy is te haastig met jou gevolgtrekkings, Marko.”

“Te haastig!” Marko swaai om. Die vleuels van sy skerp neus bewe van verontwaardiging. Sy blik is donker en self effens vyandiggesind, onderwyl hy die meisie aangluur wat hom so koel geantwoord het.

Sandra Voronej se groen oë wyk nie van syne af nie. Om haar vol lippe is die fyn glimlag wat ’n onpeilbare uitdrukking aan haar beeldskone gelaatstrekke verleen. Haar koperbruin hare hang aan die een kant oor haar wang en die ligte somersrok vertoon haar naakte hals, skouers en die volmaakte rondings van haar slanke liggaam. In die drukkende hitte lyk sy koel en op haar gemak, soos gewoonlik. Ten spyte van sy ergernis, laat haar skoonheid die bloed vinniger deur die are van die ouer man bruis.

“Te haastig, ja,” herhaal sy en haar ryk, effens heserige stem verskerp die geheimsinnigheid en ongenaakbaarheid van haar persoonlikheid. Dit is asof haar woorde die ander tot woede aanhits.

“Ons het die saak nog skaars bespreek.”

“Wat is daar te bespreek?” roep Steffen uit. “Hier sit ons, ’n miljoen myl van nêrens af, tussen hemel en aarde en...!”
“Ons is op die grens tussen Uganda en die Belgiese Kongo,” val sy hom bedaard in die rede. “Watter een is die hemel?”
“Dit is ongetwyfeld hel wat vir ons in die Kongo wag!” Haar ligte spot het hom nie ontgaan nie.
“Ek moet jou daaraan herinner, Marko,” sê sy koel, “dat ons nie eintlik aangemoedig word om Bybelse woorde in oormaat te gebruik nie.”
“Jy skeer seker die gek!” bars hy uit. “Hier het ons met lewensbelangrike sake te doen en jy...”
“En ek weier om dit te bespreek voordat jy bedaar het. In jou huidige opgewonde toestand kan jy nie logies redeneer nie.”
Marko Steffen bal sy vuiste in ’n rilling van frustrasie. Hy swaai om na die venster asof hy daarbuite hulp wil soek.
“Wat hulle tog besiel het om ’n vroumens met ons saam te stuur, weet ek nie,” brom hy suur en op gemartelde toon, soos een wat reeds meer verdra het as wat hy kan verduur.
“Dit is ’n kwessie wat niemand jou gevra het om te bepeins nie,” merk sy berispend op. “Ek het jou kwalifikasies as atoomdeskundige nog nie in twyfel getrek nie, nog minder vir Dan as ingenieur of...”
“Ek trek niks in twyfel nie,” val Steffen haar haastig maar moedeloos in die rede. “Ek wil net hê dat ons hierdie saak moet oplos. Niemand kon deegliker

voorbereidings as ons getref het nie. Ons is ’n onskuldige groepie vakansiegangers wat grootwild in die Kongo wil kom jag. Maar skaars daag ons vanoggend op hierdie verlate uithoek van die beskawing op of hier kom die vervlakste vent ook aangesit. Nou twyfel jy nog steeds daaraan of hy ons volg...”

“Ek het jou reeds gesê dat niks nog bewys is nie, Marko.”

“Maar Sarkof het hom eergister...”

“Jy het netnou onsekerheid uitgespreek omtrent die doel van my teenwoordigheid, Marko,” keer sy hom skerp. “Maar jy sal die verstandigheid van my insluiting by die ekspedisie begin insien as ek jou daarop wys dat jy vir Sam so pas Sarkof genoem het.”

“Maar wat maak dit saak? Ons is alleen hier in ’n kamer. Niemand kan ons hoor nie...”

“Daaroor sal ek besluit, Marko,” sê sy koud. “Nêrens en vir geen oomblik sal ons ons rol verslap nie. Sarkof bly Sam totdat ek anders besluit.”

Steffen se naels vreet in sy palms in. Sy opgekropte gevoelens dreig om hom te oormeester, maar hy bedwing homself. Vir alle praktiese doeleindes is sy hulle leier en hoe ver hulle ook al van hul eie land af is en hoe afgesonderd. Hier op die rand van die wildernis verteenwoordig sy nog die onverbiddelike gesag van die regering wat hulle dien en wat die mag van lewe en dood oor hulle het. Dit steek hom dwars in die krop en elke manlike instink in hom kom daarteen in opstand, dat hy die bevele van ’n vrou, ’n jong meisie, moet gehoorsaam. Maar dit is ’n toestand wat die beskawing

met gelyke regte vir die vrou teweeg gebring het en dit sal hom niks baat om hom nou daarteen te wil verset nie.
Asof hy ondersteuning soek, wend hy sy blik na die twee mans wat op die rand van die bed, skuins agter Sandra sit. Maar hy vind daar niks aanmoedigend nie.
Danos Forrenski se gelaat is uitdrukkingloos. Hy is veel jonger as Steffen en sy gloeiende oë rus op Sandra Voronej. Sy lenige lyf lyk gemaklik en ontspanne en dit vererg Steffen dat die jong ingenieur so aantreklik is.
Langs hom sit Sarkof Marx. Sy groot liggaam is effens vooroor gebuig en dit verskerp sy gorilla-agtige voorkoms. Sy lang, massiewe arms hang by sy dye verby en onder sy plat voorkop gluur twee klein ogies vir Steffen aan. Wat Sarkof eintlik in die geselskap doen kan Steffen maar net raai. Die man het die krag van ’n paar osse, maar nie die verstand van ’n muis nie. En tog het Steffen al meer as een keer die blik van lojaliteit by Sarkof opgemerk as hy na Sandra kyk. ’n Stomme soort blik soos die van ’n hond. As hy haar haar lyfwag is, was dit ’n goeie keuse. Op hierdie oomblik is dit vir Steffen taamlik duidelik dat Sarkof vir Sandra ook teen hom sal beskerm.
Marko Steffen maak ’n hulpelose gebaar met sy hande. Hy moet sy keel skoonmaak voordat hy weer praat.
“Soos ek gesê het,” begin hy in ’n poging om bedaard te wees. “Sam,” met ’n sarkastiese nadruk, “het die vent eergister ook gesien. Vandag kom hy hier aan en dit op ’n plek waar daar heelwaarskynlik nie meer as een witman gemiddeld per jaar gesien word nie. Ons durf nie

’n kans vat nie. Hy moet spoedig uit die weg geruim word.”
“En veronderstel hy is heeltemal onskuldig, Marko?” vra Sandra.
“Dan is dit jammer. Dan het ons bloot ’n fout gemaak.”
“So ’n verdwyning mag aandag trek,” hou sy vol. “Miskien haal ons net ’n bynes van ’n ondersoek op ons hals, indien ons met hom peuter.”
“Watter wet en orde bestaan tog hier!” roep Steffen uit, “al is dit wel ’n klein gemeenskap. En daar is honderde maniere waarop ek hom van die gras af sal kan maak, sonder dat ’n haan daarna kraai. Ek sê jou, Sandra, so ver ek verstaan lê daar vir ons genoeg gevare voor. Ek wil nie nog ’n klomp brakke op my hakke ook hê nie.”
“En veronderstel hy is op ons spoor, Marko?” hervat sy ongestoord. “Wie sê hy was dan nie reeds met sy mense in aanraking nie! Wie sê hy is alleen hier in die omtrek?”
“Dan moet ons dit vinnig uitvind!” snou Steffen haar toe. “Ons moet iets doen. Vanmiddag gesels ek met ons gids en ek wil finale reëlings tref. Teen môre oggend moet ons hier weg wees.”
“Nou praat jy verstandig,” gee sy koel toe. “Ek sal ’n geselsie met ons geheimsinnige vriend gaan aanknoop. Ek is bly dat jy self tot die gevolgtrekking gekom het. Marko, onthou net, as daar ’n skietery moet plaasvind, sal ek dit begin.” Sonder om hom kans te gee om daarop te antwoord, wend sy haar tot Sarkof.
“Stap so ’n bietjie deur hierdie luukse inrigting rond en kyk waar hy hom tans bevind,” versoek sy kalm. Sarkof spring op asof hy ’n harde bevel gehoorsaam en met

swaar tred verlaat hy die vertrek. “As julle nie omgee nie,” vervolg sy, “wil ek eers ’n bietjie opknap. Dit sal miskien die beste wees, Marko, om langs die meer te gaan stap en af te koel.”

Hy weet dat sy na sy opvlieënde humeur verwys. Met ’n laaste verergde blik verlaat hy en Danos die kamer.

Sandra Voronej glimlag stil. Sy is gewoond daaraan dat mans haar gehoorsaam. Sy het saam met mans haar opleiding ontvang en sy het uitgeblink bo hulle almal. Afgesien daarvan is haar mag versterk deur die posisie van haar vader, ’n invloedryke minister wat jare lank reeds sy posisie in ’n regering van gedurig, wisselende amptenare hou. Hierdie is haar eerste groot taak. Dit is ook die eerste keer dat sy agter die ystergordyn uitkom. Dit is haar voorneme om te sorg dat dit met volslae sukses bekroon sal word.

Sy kan Marko sy uitbarsting nie kwalik neem nie. Hy is ’n wetenskaplike. Hy en Danos het nie die strenge opleiding ontvang om hul emosies te beheer nie. En die vier van hulle is nou geruime tyd al byna dag en nag in mekaar se geselskap. Dit werk op almal se senuwees.

Sy moet sorg dat hulle veilig hul bestemming bereik, sodat hulle hul opnemings en waarnemings kan doen. Daarvoor sal sy alles opoffer.

Sy stoot haar hare voor die spieël reg. Steeds is haar gelaat rustig en is sy ten volle bewus van die volmaaktheid van haar gestalte. Maar sy beskou dit objektief, asof dit maar net ’n wapen is wat sy in sekere opsigte kan gebruik. Sy het ’n te deeglike bewys dat sy

mans se gelyke is, om moontlik deur hulle aangetrek te kan word.
Met ’n ligte klop kom Sarkof binne. Hy tree net oor die drumpel en staan dan geduldig soos gewoonlik, om te wag totdat sy hom toestemming gee om te praat.
“Waar is hy, Sam?”
“In die klein sitkamer langs die kroeg.”
“Dankie. Jy kan maar ’n entjie gaan wandel.”
Dit is snikkend warm in die klein handelspos, aan die oewer van die Albert meer. In werklikheid loop die grens tussen die Kongo en Uganda deur die meer en is hulle nou aan die Kongo se kant. Maar soos altyd lyk Sandra koel toe sy die bedompige sitkamertjie binnestap.
Vlak by die venster, teen die enkele stowwerige straatjie, sit die man, wat volgens hul mening moontlik besig kan wees om hulle te volg. Hy is redelik jonk en sy hoë wangbene en effens nou oë verleen ’n Oosterse trek aan sy gelaat. Hy kyk op toe hy Sandra hoor aankom en sy blik rus vir ’n oomblik op haar, soos maar altyd die geval is wanneer mans onverwags met haar skoonheid verras word.
Sy stap tot amper by sy tafel. Hy staan beleefd op. Sy glimlag vir hom.
“Is daar ’n koel plekkie in hierdie dorp?” merk sy half verleë op.
“In hierdie vertrek is dit die koelste by die venster,” verseker hy haar en trek vir haar ’n stoel uit. Sy gebaar is heeltemal natuurlik. In die sitlokaal van ’n hotel in ’n groot stad, sou dit anders gewees het. “Kan ek u dalk iets koel bestel om te drink?”

“’n Koue bier sal heerlik smaak, dankie.” Hy stap uit en keer ’n oomblik later terug. “Hoe bestaan julle in hierdie oond?” verneem sy geselsend.
“Ek is self ’n vreemdeling hier, juffrou...?”
“Sandra Steffen,” antwoord sy gemaklik.
“Kurt Wiener,” stel hy homself bekend. “Ek is ’n geoloog en met vakansie.”
“Dit is interessant.”
“Ja. Ek wil ’n rukkie lank hier in die berge gaan rondkrap. Mag ek verneem waarom u so ’n afgeleë deel van die wêreld besoek?”
“Dit is my vader,” sê sy met ’n sug. “Hy is moeg vir die beskawing. Ons is op ’n safari vir grootwildjag.”
“Hoe wonderlik. Watter rigting slaan u in?” “Weswaarts oor die berge, Kongo se kant toe. Ons gaan deur tot by Stanley en daarvandaan met die rivier na die Weskus en dan weer terug na Engeland.”
“Dis ’n ongetemde wêreld hier agter die berge,” merk hy op. “Dit reën darem so af en toe daar. Die oerwoud behoort pragtig te wees hierdie tyd van die jaar.”
“Ek verstaan so.” Sy wag tot die kelner die bier voor haar neergesit het en nadat sy ’n teug daarvan geneem het, vervolg sy. “En jy gaan ’n bietjie navorsing hier in die berge doen, meneer Wiener?”
“Dit is die plan,” bevestig hy met ’n ligte skouerophaling.
Net vir ’n oomblik is daar ’n flikkering in haar oë. As Wiener nie is wat hy voorgee om te wees nie, sal dit moeilik gaan om dit vas te stel. Sy hele houding is

natuurlik en eg. Skielik tref die oplossing van die probleem haar.
"Waarom gaan jy nie saam met ons nie, meneer Wiener, of het jy dalk ander geselskap?"
"Ek is heeltemal alleen." Hy het vinnig opgekyk. Dan laat hy sy kop sak asof hy ingedagte sit. "Dit is 'n verrassende voorstel van u, juffrou Steffen."
"Maar waarom nie?" hervat sy asof sy nou eers ernstig aan die moontlikheid daarvan dink. "Van waar is jy?"
"Leiden. Professor in geologie."
"Uitstekend. Ek sal met vader daaroor gesels."
"Ons sal dit eers moet bespreek," keer hy egter.
"Ek sal vader daarvan sê en dan kan julle dit bespreek." Sy lag saggies. "Daar sal geen besware van vader se kant wees nie," verseker sy hom soos 'n dogter wat altyd haar sin kry.
In haar kamer kort na die middagete, is daar egter wel besware. Marko Steffen se gesig word behoorlik rooi van woede, toe sy hom sê wat sy besluit het.
"Is jy stapelgek, Sandra! Ons het klaar besluit om van die man ontslae te raak."
"Daar is verskeie maniere, Marko," antwoord sy koel. "As hy wel ons vyand is, is dit die beste om hom in ons kamp te lok en daar te hou. Ons kan hom daar fyn dophou, dan is hy heel onskadelik."
"So, ons neem hom saam met ons!" werp hy snedig in. "Ons gaan wys hom wat ons van plan is om te doen. Ons neem hom saam en sê vir hom. Hier gaan 'n groot kernkragsentrale gebou word. Van hier af sal ons met ons vuurpyle die ganse Afrika kan beheer en wat dan?"

"Lank voor dit sal hy al in die oerwoud gesterf het, Marko," sê sy kalm. "Ek wil hê dat jy nou met hom moet gaan praat. Daarna moet jy finale reëlings tref met die gids, Van Doorn. Ons moet môre oggend vroeg vertrek."

"Dit weet ek!" snou hy haar toe. "Maar ek weier om hierdie Wiener-vent saam met ons te sleep. Ons kan hier maklik en gou met hom klaarspeel."

Sy glimlag net en stap uit die vertrek.

Die volgende oggend douvoordag streep die lang safari by die dorpie uit. Vooraan stap die sesvoet lange Jan van Doorn, sonbruin en gespierd. Hy is een van die bekendste gidse van toeriste-safaris in Uganda. Agter hom volg Sandra en haar geselskap en langs haar stap Kurt Wiener.

'n Twintigtal Barodi's vorm die agterhoede. Hulle stap gemaklik onder die swaar pakke wat hulle dra en hul seningtaaie spiere rol onder hul blink, swart velle.

Dit is asof die wildernis en die grootheid van die natuur wat spreek uit die magtige berge voor hulle, 'n stemming van rustigheid in die geselskap skep. Jan van Doorn ken die omgewing goed. Dit is nie die eerste keer dat hy die tog na Stanley onderneem nie. Sonder enige teenspoed bereik hulle 'n poort in die hoogste berge, 'n week later.

Voor hulle ontvou 'n groen landskap, 'n lafenis vir hul oë. Agter hulle in die dynserigheid strek die dorre grasvlaktes weg. Die droogte het die wild oor die berge na hierdie groen paradys gejaag. Die grootwild sal volop wees. Onder hulle lê ook die koel, wit wolke wat die reën oor die oerwoud laat uitsak. Die grootheid van alles laat Sandra lus voel om teen die hange af te hardloop en

tussen die weelderige plantegroei in te spring, soos een wat oor die warm, wit strand, die koel branders inhardloop. Maar soos altyd is dit maar net 'n verbygaande emosie, want nooit laat sy toe dat gevoelens haar oormeester nie. Vir te lank reeds het sy geleer om dit te beheer en te onderdruk.

In opgeruimde stemming gaan die dae vinnig verby. Op die vierde dag slaan hulle kamp op langs 'n helder stroom, net toe die son in die weste begin sak. Hulle het al gewoond geword aan die naggeluide van die woud, die gebrul van die leeus en die skielike kras geskree van langnekvoëls. Die gelag van die hiënas hinder hulle ook nie meer nie. Die paar tente word opgeslaan en groot vure word vinnig aangesteek. 'n Entjie van hulle af lag en gesels die Barodi's om hul eie vure. Gedurende die dag het Van Doorn 'n wildsbok geskiet. Hulle eet die ribbes, geurig gebraai, sommer so van die kole af.

Marko Steffen kyk oor die vuur na Sandra. Sy knik liggies.

"Jy sê hierdie hooglande strek suidwaarts al teen die grens van die Kongo af?" verneem Marko van Van Doorn.

"Ja," antwoord die gids, onderwyl hy sy vingers smaaklik aflek.

"Was jy al ooit op 'n jagtog na die suide toe?"

"Nee, niemand was nog ooit nie."

"Ek verstaan die streek tussen die berge en die loop van die Kongo is taamlik onbekend."

"Heeltemal onbekend."

“Het jy nog nooit ’n begeerte gehad om daarlangs te gaan verken nie?”
Van Doorn skud sy kop heftig en hy glimlag asof Marko nie weet waarvan hy praat nie.
“Ek soek nie my dood so maklik nie,” sê hy dan.
“Watter gevare skuil daar?”
“Ons noem dit die verbode gebied,” antwoord die gids. Toe hy sien dat almal nou belangstellend na hom luister, vervolg hy. “Niemand het die oerwoud daar nog binne gedring nie. Daar is bykans ’n veertigduisend vierkant myl in ’n strook, hier teen die berge af, waar niemand nog lewendig uitgekom het nie. Daar is ’n paar inboorlingstamme, asook pigmeë. Daarlangs is ook nog die enigste tuiste van die gorillas.”
“Maar pigmeë en gorillas is tog nie ’n onoorkomelike struikelblok nie,” merk Steffen op.
“Ek beskou dit as gevaarlik genoeg, meneer Steffen,” antwoord Van Doorn droog. “Ongelukkig is dit nie al nie.”
“Wat kan dalk gevaarliker wees?”
“Hulle sê dat dit die jagveld van groot, wit ape is. Niemand het hulle natuurlik nog gesien nie. Dit is maar stories wat so af en toe van die inboorlinge uitlek. Hierdie ape loop glo regop.” Hy aarsel en sy blik dwaal van die een na die ander. “Dan is daar ’n ander woord wat ek al ’n paar keer mense hoor fluister het. Dit is miskien ’n skim, ’n legende, ek weet nie. Maar hulle praat van Tamar. Ek verstaan dit beteken “sonder hare,” of haarloos. Wat hy of dit is, weet ek ook nie.”

Daar is ’n oomblik van doodse stilte. Weer kyk Marko na Sandra en weer knik sy.

“Nogtans, meneer Van Doorn,” sê Marko dan, “ek wil hê dat jy ons suidwaarts, al teen die berge af moet lei.”

Van Doorn kyk hom stil aan. Dan lag hy.

“Dit is skaars die geleentheid vir grappies, meneer Steffen.”

“Ek is ernstig, Van Doorn.”

Die gids se gelaatstrekke word skielik strak. Hy kyk van die een na die ander en besef dat hulle dit wel ernstig bedoel.

“Wel,” sê hy met ’n skouerophaling. “Ek vrees dat ek dan maar my bedanking sal moet indien. Afgesien daarvan dat ek my lewe lief het, is ek onbevoeg vir die taak, want ek ken die omgewing glad nie.”

“Maar die terrein kan tog nie so drasties verskil nie,” hou Marko aan. “Jy is dan gewillig om ons deur te neem na Stanley.”

“Ek ken die pad daarheen, meneer Steffen,” antwoord Van Doorn bedaard. “Ek ken ook die inboorlingstamme wat hier noord van die verbode terrein woon. Boonop is ek nie die eerste man wat hierlangs gegaan het nie. Ander het my die pad geleer.”

“Jou kennis is meer as genoeg om ons te bring waar ons wil wees.”

“Ek is verantwoordelik vir julle veiligheid!”

“Ons kan vir ons self sorg, meneer Van Doorn,” sê Steffen effens ongeduldig. “Jy moet ons net teen die berge aflei.”

Jan van Doorn buk, tel ’n kooltjie behendig tussen sy vingers op en plaas dit bo in sy pyp. Nadat hy ’n paar dampies uitgeblaas het, sê hy stadig.
“Dit is geheel en al onmoontlik. In alle geval sal die draers weier om saam te gaan.”
“Dan kom ons sonder hulle klaar. Ons kan die meeste van die goed hier versteek en dit weer kry wanneer ons terugkeer.”
Van Doorn se oë vernou effens. Hy kyk Steffen stip aan.
“U praat asof u ’n sekere doelwit het, meneer Steffen. Dit klink asof u ’n besliste bestemming het?”
“Dit is ons saak,” antwoord Marko koel. “Ons sal jou goed beloon as jy ons net sal neem na waar ons wil wees.”
“En waar is dit?”
“Sowat honderd myl suid hiervandaan, lê tien vuurspuwende berge digby mekaar. Een of twee toon glo nog tekens van lewe. Die ander een is uitgewerk. Ons wil navorsing in die kraters gaan doen.”
Van Doorn skud sy kop heftig. Hy staan op en rek homself uit asof hy die gesprek beëindig.
“Jammer, meneer Steffen. Soos ek dit verstaan is daardie streek die hartjie van die onbekende wildernis. Om dit suksesvol te bereik, sal ons bekende sowel as onbekende gevare moet trotseer. Ek is nie daarvoor te vinde nie. Daar mag al mense, ’n paar myl hoog in die lug, met vliegtuie daaroor gegaan het, maar nader as dit waag ek dit ongelukkig nie.”
“Sal tienduisend pond jou dalk van opinie laat verander?”